# 42 PSALM 42

T T Cloete




2 Met *ver*lange *dink ek* daaraan:
Vroeër het *ek* opgetrek
– in *die* ska*re was ek* vooraan –
op *na* die *aan*biddingsplek,
op *na* Si*on, God se* huis,
ju*be*lend *met feesge*ruis,
Hom *ge*loof *met lofge*sange –
daar*aan* dink *ek met ver*lange.

---

Teks: T T Cloete 2001
Melodie: *Ainsi que la biche rée* - Loys Bourgeois, Genève 1551; Lausanne 1565

© Bybel-Media 2022. Alle regte voorbehou. Aanlyn beskikbaar by www.missio.org.za

3 Waarom twyfel, waarom kerm ek,
waarom is ek so oorstelp?
Loof die Heer, Hy sal my optrek,
uit bedruktheid my weer help.
**Hoe neerslagtig ook, ek weet:**
**Tot my hulp is Hy gereed;**
**en hoe diep ook neergeboë,**
**op my God rig ek my oë.**

4 Van die Hermonkruin en -hange,
uit die streek van die Jordaan,
roep ek U in my verlange,
diep bedruk, o Here, aan.
Daar sal ek na U bly kyk
wat u trou selfs snags laat blyk.
U, die Here van my lewe,
sal my nooit in druk begewe.

5 Waarom, Heer, moet ek gebuk gaan
as die vyand my bespot,
waarom moet ek, Heer, bedruk staan
as gevra word: "Waar's jou God?"
**Hoe neerslagtig ook, ek weet:**
**Tot my hulp is Hy gereed;**
**en hoe diep ook neergeboë,**
**op my God rig ek my oë.**

© Bybel-Media 2022. Alle regte voorbehou. Aanlyn beskikbaar by www.missio.org.za